



DIT IS

VOLBRING!

Ontdek hoe jy ingesluit
is by dit wat Jesus reeds
gedoen het.

Alan Platt

WERKBOEK

DIT IS VOLBRING!

WERKBOEK

Alan Platt
alanplatt.org

Gepubliseer, met toestemming, deur:
Walk Thru the Bible
Posbus 48690,
Roosevelt Park, 2129
Suid-Afrika
www.bible.org.za

Kopiereg © 2017
Tetelestai Media, NPC
Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike toestemming van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skryf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting nie.

Hierdie werkboek was vervaardig en gepubliseer deur Walk Thru the Bible met toestemming van Tetelestai Media, NPC. Versoeke aan die Uitgewer vir toestemming moet gerig word aan die Toestemming Departement, permissions@tetelestaimedia.com, of aanlyn by www.tetelestaimedia.com/permissions/.

Aanhalings uit *Dit is VOLBRING!*, uitgegee in 2016 deur Struik Christian Media (Pty) Ltd. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou. Tensy anders gespesifiseer, is alle Skrifgedeeltes geneem uit die *Bybel In Afrikaans* (1953-vertaling) © Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming.

Ander vertalings wat gebruik is sluit in:

- Nuwe Vertaling van *Die Bybel In Afrikaans* © 1983 met toestemming van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Skrifaanhalings gemerk NLV is geneem uit die *Nuwe Lewende Vertaling* © 2006 met toestemming van Christelike Uitgewersmaatskappy.
- *Die Boodskap* © 2006 met toestemming van Christelike Uitgewersmaatskappy.
- *The Mirror* © 2012 met toestemming van Francois du Toit.

Alle regte voorbehou.

Outeur: Annette Fourie, theMediaOaks

Redigering: Alan Platt en Leana Platt

Proeflees: Esta Grobler en Leana Platt

Voorblad- en binne-ontwerp: Melissa Kruse theMediaOaks

Fotografie: Grant McKinlay, Creatives Guild

Om eksemplare te bestel, besoek www.bible.org.za. Gaan na 'Church Campaigns' en klik dan op **'NOT DO, BUT DONE'**.

ALAN PLATT

STIGTER EN VISIONÊRE LEIER
VAN DOXA DEO

Alan Platt is 'n agent van transformasie in die lewe van individue, die plaaslike kerk en korporatiewe instellings in die gemeenskap. Hy is voltyds in die bediening vanaf 1983, en sedertdien dien hy die kerk op verskillende vlakke. Onder sy leierskap is Doxa Deo “gebore” en tans bedien Doxa Deo 30000 vennote (lidmate) op elf kampusse in Pretoria wat saam funksioneer as een geïntegreerde gemeente.

Doxa Deo het naas Pretoria ook kampusse gestig in vyf van die groot stede in Suid Afrika, asook in Londen (Verenigde Koninkryk), Auckland (Nieu Seeland) en Stuttgart (Duitsland). Doxa Deo se visie is om nog nasionale en internasionale kampusse te stig sodat die strategie van betrokkenheid in die kultuur en gemeenskap transformasie in die samelewing tot gevolg sal hê.

Onder Alan se leiding is 'n 'Kingdom Partnership' program geloods wat leiers en bediening nasionaal

en internasionaal bedien rondom die visie, waardes en model van Doxa Deo. Hierdie program staan bekend as die 'City Changers Movement'. Huidiglik funksioneer Alan ook as die leier argitek van die 'Church United' program in Suid Florida in die VSA, wat daarop fokus om bediening en kerke saam te bring in die Miami/Dade, Broward en Palm Beach distrikte.

Alan se gawe van leierskap en lering het hom in staat gestel om nie net 'n hoogs dinamiese leierskapspan in Doxa Deo daar te stel



nie, maar ook het hy 'n wye spektrum van organisasies, denominasies en kerknetwerke nasionaal en internasionaal beïnvloed. Sy invloed reik wyer as die kerkwêreld – ook die besigheidsektor, opvoedkunde en die wyer gemeenskap staan aan die ontvangkant van sy insig.

Alan is getroud met Leana en hulle het twee volwasse kinders, Duncan en Amy.

Meer inligting: AlanPlatt.org

Ek is daarvan oortuig dat hierdie kursus die potensiaal het om jou lewe te verander. Kom ek motiveer my stelling: in hierdie kursus gaan jy ontdek:

- dat die Evangelie wáárlík goeie nuus is – goeie nuus wat jóú insluit;
- dat Christus aan die kruis die prys namens jou betaal het – dat Hy kom doen het wat jy nooit self kon doen nie;
- dat jy nie meer ’n sondaar is nie, omdat jy nou ’n nuwe identiteit IN Christus ontvang het;
- dat die afstand tussen jou en God vir ewig gekanselleer is – want God het naby gekom;
- dat jy nie meer hoef te presteer om God se aandag te kry en te probeer behou nie, want in Christus is jy meer as aanvaarbaar vir Hom;
- dat jy nie meer ’n slaaf van skuld en skaamte hoef te wees

nie, want Hy het jou finaal kom verlos;

- dat jy bekwaam gemaak is om in dié lewe te heers;
- dat jy aan die ontvangkant staan van sy genade;
- dat jy in ’n intieme, persoonlike verhouding met God kan leef – sonder enige vrees of veroordeling;
- dat jy ’n erfgenaam van die Nuwe Testament is – elke belofte in die Skrif is ’n realiteit hier en nou;
- dat jy met oorgawe in die rus van God kan ingaan met die oortuiging dat sy Woord die vermoë het om dít te doen wat Hy belooft.

Ek nooi jou om saam met my op hierdie reis te gaan, na die grootste ontdekking wat die mens ooit kan maak – dat dit waarlik volbring is!

Alan

DIT IS VOLBRING!

INHOUDSOPGAWE

1	Dit is Volbring	01
2	God se Groot Geheim	07
3	Jy's Nie 'n Sondaar Nie	13
4	Bevry van My Eie Poging	19
5	Ergename van 'n Nuwe Testament	25
6	Meng jy nog die Ou Verbond en die NT	31
7	Christus is die Sleutel	37
8	Betree die Rus	43
9	My Evangelie	49
10	Weg met Skuld & Skaamte	51
11	Leef soos 'n Nuwe Mens	53
12	God se Gunsgenote	55

**DIT IS VOLBRING!
SESSIE**



DIT IS VOLBRING!

GEBASEER OP DIE INLEIDING
DIT IS VOLBRING

Jesus Christus kom as die verlosser, as dié Een wat ons kom vrymaak van die juk van sonde waaronder ons was. Wanneer Hy sy lewe neerlê sê Hy: “Dit is volbring!” Met hierdie woorde kondig Hy die triomfoomblik, die grootste oorwinningsoomblik ooit in die geskiedenis van die mens aan.

...om elke mens soos in duidelike daglig te laat sien, sodat elkeen ten volle kan besef hoe volkome ons ingesluit is in hierdie intieme assosiasie, wat van ewigheid af in God verborge was; Jesus Christus self is die bloudruk van die hele skepping.

Efesiërs 3:9,

The Mirror (vry vertaal)

Nadat Jesus die suur wyn gekry het, het Hy gesê: “Dit is volbring!” Toe het Hy sy kop vooroor laat sak en die laaste asem uitgeblaas.

Johannes 19:30

DIT IS VOLBRING!

Jesus se uitspraak: “Dit is volbring!” – in Grieks: *tetelestai* – hou die volgende implikasie in:

- Jesus het wettiglik afgereken met elke ander uitspraak of konsep wat die mens gebonde kan hou.
- Dit verklaar die Evangelie omdat dit die samevatting van die totale uitspraak van God oor die mens se lewe is.

Die oomblik toe Jesus gesê het: “Dit is volbring!” het Hy ’n oorwinning aangeteken en die vyand se wettige aanspraak op die mens verbreek.

Deur Adam se daad van sonde het die duiwel wettiglik aanspraak gekry op die mens se lewe.

Regdeur die geskiedenis sien ons hoe die mens poog om homself hiervan te bevry.

Die realiteit is dat die mens homself nooit kon vrymaak nie – nie eers met sy beste poging nie. Hy het ’n verlosser nodig!

Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Eén baie tot regverdiges gestel word. Romeine 5:19

Jesus alleen kwalifiseer om die mens vry te maak omdat Hy uit ’n maagd gebore is en dus nie deur die bloedlyn van Adam verwek is nie. Jesus is dus nie soos alle ander mense geïnfecteer en geaffekteer deur sonde nie, maar Hy is totaal sondevry.

Jy word gered nie deur jou gehoorsaamheid nie, jy word gered

DIT IS VOLBRING

deur sý gehoorsaamheid aan die Vader om sy lewe neer te lê.

Jy moet ontdek dat jy ingesluit is in daardie oomblik van verlossing. Dit is die goeie nuus van die Evangelie!

Geloof is om te identifiseer, te glo en te aanvaar dat dit wat gebeur het betrekking het op jou lewe.

Jy is ingesluit in daardie oomblik – toe Jesus Christus gesterf het, het jy gesterf, toe Hy begrawe is, is jy begrawe en toe Hy opgestaan het, het jy opgestaan in 'n nuwe lewe.

Dit beteken:

- Aan die kruis is daar met jou ou lewe en jou identifisering met Adam afgereken.
- Jy het 'n nuwe identiteit, omdat jy nou identifiseer met Christus.
- Jy het deel in sy triomf en jy sit saam met Hom in hemelse plekke.

Onkunde oor die afgehandelde werk veroorsaak dat jou Christelike lewe soos 'n “Slangetjies en Leertjies”-spel word in die hoop dat jy eindelijk die “finish”-blokkie sal haal.

Die beloning van Christenskap is nie die hemel nie, maar die herstel van die mens se intieme verhouding met God.

Jou verlossing is 'n afgehandelde realiteit; dit is nie iets wat jy nog moet onderhandel of voor kwalifiseer nie.

As jy nie uit die oortuiging van jou oorwinning leef nie, kan jou lewe deur die volgende gekenmerk word:

- **WILSKRAG** – 'n Besluit om jou beste te gee en jou kant te bring om sodoende te kwalifiseer vir God se aanvaarding – 'n besluit wat voortdurend misluk.
- **WISSELVALLIGHEID** – Geestelike ervarings bepaal nou of jy naby of ver van God af voel; dit beïnvloed of jy geestelik sterk of swak voel.
- **“WORRY”** – Kommer oor of die Here regtig vir jou omgee, en of jy eendag hemel toe sal gaan.

Jy moet ontdek wat dit beteken toe Jesus gesê het: “Dit is volbring!” – dat jy nou kan lewe vanuit 'n vaste oortuiging dat jy verlos is, dat die guns van God op jou lewe gerig is en dat jy nou reeds ononderbroke intimiteit met God kan geniet.

OM DIE TAFEL

1. Waarom is die Engelse rympie “Humpty Dumpty” eintlik ’n metafoor van die toestand van die mensdom en van die evangelie?
2. Die krag van identifikasie word duidelik in mense se reaksie op die oorwinning van ’n sportspan gesien. Hoe sou dit wees as jy werklik sou identifiseer met die oorwinning van Jesus aan die kruis?
- 3a. Illustreer met persoonlike voorbeelde die toepaslikheid van die stelling: “Baie Christene se geestelike lewe kan vergelyk word met die ‘Slangetjies en Leertjies’-spel.”
- 3b. Hoe behoort jou geestelike lewe te lyk as jy die Evangelie reg verstaan?

IN MY HART

1. Is daar enige woorde wat iemand oor jou lewe gespreek het wat jou weerhou van God se doel vir jou lewe?
2. Watter areas van jou lewe word nog deur ’n “Slangetjies en Leertjies”-belewenis gekarakteriseer?
3. Het jy reeds volkome ontdek dat jy ingesluit is in die oorwinning wat Jesus namens jou behaal het? Watter impak het jou antwoord op jou lewe?

DIE VERTREK PUNT IS: ‘DIT IS VOLBRING!’

Christenskap gaan nie daaroor om geestelike slangetjies-en-leertjies te speel in die hoop dat jy dit tot bo by die boonste blokkie (die *Finish*) sal maak nie. Die realiteit wat jy moet ontdek, is dat die vertrekpunt van ons verhouding met Jesus eintlik die *Finish*-blokkie is – dit is nie ons einddoel nie, want ons begin by *Finish*!

DIE VERTREK PUNT IS: ‘DIT IS VOLBRING!’

Christus het namens jou die bopunt van hierdie metaforiese slangetjies-en-leertjies-speletjie bereik. Ons geestelike lewe begin by VOLBRING. Ons begin heel bo by die volmaaktheid wat Christus reeds bereik het!

Hierdie is die kern van die Evangelie, anders gaan jou Christelike lewe een groot frustrasie wees. Dit is vanuit hierdie vertrekpunt dat God sy ewige, onvoorwaardelike liefde aan ons wil bekend maak.

In Christus leef ons klaar heel bo in die *Finish*-blokkie en geen slang hoef ons ooit weer

onkant te vang nie. Toe Jesus uitgeroep het: “Dit is volbring!”, is ons ingesluit in ’n geleentheid wat ons hele bestaan verander het. Ons geestelike reis behels die ontdekking van ons ware identiteit in Christus. Die speletjie is verby – ons het gewen!

UIT DIT IS VOLBRING! bl. 20



DIT IS VOLBRING!

DIT IS VOLBRING! neem jou op 'n ontdekkingsreis van die volle implikasie van die kruisiging en opstanding van Jesus Christus en sy boodskap van genade. Ontdek die ware goeie nuus van die Evangelie – en die feit dat jý daarby ingesluit is.



THE GLORY OF GOD IS MAN FULLY ALIVE – ST. IRENAEUS

...en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God. **Efesiërs 3:18-19**

Alan Platt is 'n agent van transformasie in die lewens van individue, kerke en korporatiewe strukture van die samelewing. Hy is sedert 1983 voltyds in die bediening en hy dien die kerk op verskeie vlakke. Onder sy leierskap is die Doxa Deo-bediening gevestig as 'n sterk en doeltreffende model om stede te bereik, beide in Suid-Afrika as internasionaal. Alan is ook die visionêre leier van die 'City Changers Movement' en funksioneer tans as die leier-argitek van die 'Church United' program in Suid Florida in die VSA.



ISBN 978-1-920028-64-0

